

Donderdag 26 Augustus

Skrifgedeelte: Job 35

Fokusgedeelte: Job 35:9-11

Soek na God en nie net na uitkoms nie

Waarom hou jy vas wanneer die lewe moeilik is? Waar soek jy jou troos? As gelowiges lewe ons met die troos dat God in beheer is. Dat Hy ook die moeilike en seer dinge in ons lewens toelaat en gebruik om ons te vorm. Dat teenspoed nie 'n teken is dat jy nie God se kind is nie – die Bybel is vol getroue gelowiges wat deur moeilike tye gegaan het. Gelowiges soos Job.

En al het ons hierdie voorbeelde, al het ons God se beloftes in sy Woord oor wat Hy besig is om in ons lewens te doen met beproewings, kan ons dit so maklik vergeet. Ons kan so maklik dink die lewe het net betekenis wanneer dinge goed gaan. Ons kan maklik hulp en uitkoms soek, maar nie na God draai nie.

Job moes dit onthou en ons moet dit onthou: Betekenis en troos is net by God te vinde. Hy gee dit aan elkeen van sy kinders in Jesus Christus. Hy troos ons met Jesus Christus. Hy troos ons deur sy Gees wat ons herinner dat ons ewig aan Hom behoort. God laat Hom nie manipuleer nie, maar Hy luister na die gebede van sy kinders.

Lewe as sy kind wat weet dat God in beheer is. Draai daagliks na Hom toe – nie net wanneer jy uitkoms wil hê nie. Roep Hom daagliks in gebed aan. Jou hemelse Vader is lief vir jou, Hy sorg vir jou en Hy sal jou veilig bewaar. Troos lê nie in gedetailleerde antwoorde op al jou waarom-vrae nie. Troos lê in 'n verhouding met God. Soek Hom en nie net 'n makliker môre nie.

Sing: Psalm 71-1:1, 13

Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)